



# LAER VOLKSKOOL GRAAFF-REINET

## NUUSBRIEF

Nommer 18  
24 Mei 2019

### UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

#### **BEHEERLIGGAAM**

Mnr W van der Merwe het as Beheerliggaamslid bedank. Derhalwe moet daar 'n tussenverkiesing plaasvind. Die benoemings- en verkiesingsvergadering sal op 7 Junie 2019 om 12:00 in die skoolsaal plaasvind. Ouers sal tot 15:00 stem.

Benoemingsvorme is by die kantoor beskikbaar.

Die volgende wetlike aspekte is van belang.

#### **Benoeming van ouerlede:**

(1) 'n Ouer kan slegs deur 'n ander ouer van 'n leerder by die betrokke skool benoem en gesekondeer word deur -

(a) 'n benoemingsvorm, wat behoorlik deur die voorsteller, sekondant en benoemde ingevul is, hoogstens sewe dae en minstens 24 uur voor die aanvang van die benoemingsvergadering by die skoolkiesbeampte in te dien;

(b) 'n ouer te benoem, wat dan formeel voorgestel en gesekondeer moet word op die benoemingsvorm, wat die voorsteller gedurende die benoemingsgedeelte van die vergadering moet voltooi; of

(c) te verseker dat die benoemde aan die vereistes van paragraaf 2 voldoen en sy/haar handtekening aanbring.

#### **Verkiesbaarheid:**

'n Persoon sal nie verkiesbaar wees as 'n lid van 'n beheerliggaam nie indien hy of sy:

(1) geestesongesteld is en deur 'n bevoegde hof as sodanig verklaar is;

(2) 'n ongerehabiliteerde insolvente persoon is;

(3) aan 'n oortreding skuldig bevind en gevonnissen is tot tronkstraf vir 'n tydperk van langer as ses maande, sonder die moontlikheid van 'n boete, of nog nie sy of haar volle tronkstraf uitgedien het nie;

(4) ongeskik verklaar is om met kinders te werk, soos wat die Kinderwet, 2005 (Wet 38 van 2005) bepaal;

(5) nie onder een van die ledekategorieë van 'n beheerliggaam val nie;

(6) nie meer onder die ledekatogorie val wat hy of sy ten tyde van sy/haar verkiesing verteenwoordig het nie; of

(7) sy of haar lidmaatskap van die beheerliggaam verloor het deurdat die Departementshoof dit ingevolge die Wet beëindig het.

#### **Stemreg:**

Twee ouers per leerder wat amptelik by 'n skool ingeskryf is, is daarop geregtig om vir oerlede van die beheerliggaam te stem, en het een stem met betrekking tot elke benoemde, met 'n maksimum getal stemme gelykstaande aan die getal oerlede wat verkies moet word.

#### **OUERAAND – GRAAD 4**

**MAANDAG, 27 MEI 2019 OM 17:30**

**Alle** ouers **moet** asseblief hierdie vergadering in die Kewertjie bywoon.

#### **EPOS**

Daar is 'n epos as kommunikasie tussen die ouers en die beheerliggaam geskep. Die adres is [lvsl1820@gmail.com](mailto:lvsl1820@gmail.com), indien u enige navrae aan die beheerliggaam wil rig. Navrae in verband met koshuisaangeleenthede kan ook na hierdie epos gerig word. Dit sal deurgegee word aan mnr Hendrik Wolfaardt.

#### **TROTS VOLKSKOOL 'buffs' en rugsakkies**

Die wintersport-seisoen is hier! Kom koop jou TROTS VOLKSKOOL 'buff' @ R70 gedurende pouse by Brenda by die kantoor. Leerders mag die 'buffs' tydens sportgeleenthede dra. Daar is ook rugsakkies beskikbaar @ R50 elk.

#### **EISTEDDFOD**

Alle inskrywings vir fotografie en 2D kunswerke moet voor of op 31 Mei by Juf Fourie ingehandig word. Insrywings sal slegs gedoen word indien inskrywingsfooie van R30 saam met die kunswerk ingehandig word.

## SPORT

#### **UITSLAE VAN WEDSTRYDE - SUNRIDGE TOERNOOI**

##### **RUGBY**

<b>SPAN</b>	<b>LVS</b>	<b>OPPONENT</b>	
<b>o.11A</b>			
1	10	Kabega	0
2	17	Rowallanpark	0
3	12	Thornhill	5
Kwart	7	Tjaart	0
Half	12	Hankey	12
<b>o.13A</b>			
1	0	Paul Sauer	48
2	24	Walmer Wes	0
3	15	GRT primêr	0
Kwart	0	Paul Sauer	48
Plaat semi	12	Rowallanpark	14

## HOKKIE

Nege van die o.13A hokkiedogters het Saterdag, 18 Mei 2019, aan die Sunridge 7's Toernooi deelgeneem. Hulle het vier wedstryde gespeel. Die uitslae is soos volg:

LVS verloor Sunridge A 0 - 3

LVS wen Willow Academy 9 - 0

LVS wen Rowallan Park 2 - 0

LVS speel gelykop teen Claredon Park B 0 elk

Ons eindig 5de en speel toe uit teen nommer 4, Claredon Park B. Die wedstryd eindig weereens gelykop 0 elk. Volgens die reëls moet drie van elke span deelneem aan 'n "shootout". Beide spanne mis een doel. Ons gaan toe oor in 'n "sudden death" en verloor ongelukkig die wedstryd.

Daarna speel ons teen Willow Academy en wen 2 - 0.

Uiteindelik speel ons toe uit vir 3de of 4de plek en weereens is dit gelykop 0 elk. Daar is weer 'n "shootout" wat ons ongelukkig verloor. Ons eindig vierde in die toernooi.

By die prysuitdeling word Jani van der Merwe ook aangewys as verdediger van die toernooi.

Baie dankie vir almal se ondersteuning langs die veld. Ons is baie trots op hierdie 9 dogters. Baie geluk aan hierdie dogters vir die mooi prestasie.

## OP O.13B - HOKKIESPAN

Baie geluk aan Zanri Groenewald wat opgeneem is in die OP o.13B-hokkiespan. Sy neem 30 Junie tot 4 Julie 2019 aan 'n toernooi deel in die Paarl. Sy verdien ook haar half-erekleure vir hierdie prestasie. Baie geluk, Zanri.

Nina Loots is 'n nie-reisende reserwe vir die OP o.12 span. Baie geluk, Nina!

## NETBAL

Die o.13A netbalspan het op 18 Mei 2019 deelgeneem aan die Sunridge Netbaltoernooi in PE. Twintig spanne het aan die toernooi deelgeneem. Na die eerste drie wedstryde gaan die top 8 skole deur na die volgende rondte.

LVS wen Walmer West 5 - 0

LVS verloor Kabegapark 3 - 4

LVS wen Pellsrus 7 - 5

Laer Volksskool eindig hier sesde uit die twintig skole en speel dus in die volgende rondte. In hierdie rondte speel ons teen Sonop wat in die 3de posisie geplaas is en speel gelykop 4 elk. Die span wat die laaste doel aanteken, gaan met 'n gelykop-uitslag deur na die volgende rondte.

So eindig Laer Volksskool in die semi-finaal teen Tjaart van der Walt. Ons wen die wedstryd 2 - 1.

Daarna speel ons in die finaal teen Sunridge wat ons 14 - 0 verloor. Laer Volksskool eindig dus tweede uit twintig skole en is die silwer medalje wenners. Voorwaar 'n puik prestasie.

Jaydene Vaaltyn word ook aangewys as die beste o.13-verdedigende speler van die dag. Hiervoor ontvang sy 'n trofee.

Baie dankie aan elke speler wat ten spyte van beserings en siekte hulle beste gegee het. Met baie moeë en seer lywe maar gelukkige harte keer die sewe meisies laat Saterdagand terug huistoe.

**NETBAL UITSLAE TEEN NARSINGSTRAAT PRIMêR**

SPAN	LVS	NARSINGSTR
o.7	1	4
o.8A	4	7
o.9B vs o.9A	0	11
o.10A	5	5
o.11A	13	5
o.11B	1	2
o.13B	6	7
o.13A	9	16

**HOKKIE**

Almal is baie opgewonde oor Claudia Cooke ons nuwe hokkie afrigter by die Hoërskool en ook die hokkie koördineerder van Volksskool. Dis 'n wonderlike geleentheid vir al ons kinders by LVS.

Elke Vrydagmiddag vanaf 12 April 2019 om 16:00 – 17:00 op Union se Astro gaan sy GRATIS hokkie-afrigting aanbied vir al ons kinders.

**ALMAL IS WELKOM. MAAK ASB VAN DIE GELEENTHEID GEBRUIK!**

**GEDAGTE VIR DIE WEEK****GOD WIL JOU HELP**

Moenie probeer om alleen te staan –  
dis dan dat jy struikel en val,  
steek jou hand na God toe uit,  
Hy wil jou help ... en Hy sál!

Spreuke 1:8

*D Joubert*  
*Skoolhoof*  
Epos: [hoof@laervolksskool.org](mailto:hoof@laervolksskool.org)  
Tel: 049 8910803

**ADVERTENSIE****AANDAG TENNISPELERS**

Indien daar kinders is wat belangstel in 'n "hitting partner" kontak vir Petrie van der Merwe by 079 935 2166.





